

**Jan Steyn preek 7 April 2019**

**Teks: Matteus 27:1-26, Johannes 19:1-22**

**Tema: Pilatus, die Joodse godsdienstige leiers en ons.**

### **Wie was Pilatus?**

Pontius Pilatus was die Romeinse goewerneur van Judea van ongeveer 26 na Christus tot so 35 na Christus. Die Romeinse keiser in Rome was Tiberius in hierdie tyd en net soos sy voorgangers het die Romeine hom eintlik as hierdie soort god aanbid. As goewerneur moes Pilatus belasting invorder, toesig hou oor bouprojekte en wet en orde handhaaf. Hy het soos in Jesus se geval natuurlik ook as regter opgetree. In hierdie tyd het die Romeine die Joodse hoepriesters aangestel en hy het nou saamgewerk met Kajafas wat ook met Jesus se verhoor te doen gehad het. Pilatus wou dus iemand as hoepriester in Israel hê wat alles sou doen om Rome tevrede te stel. Maar as goewerneur was Pilatus rampsoedig. Ek gaan later verduidelik hoekom hy hierdie swak goewerneur was. In 35 na Christus word hy teruggeroep na Rome toe deur die keiser omdat hy 'n skare Samaritane wat geen opstand teen Rome beplan het sonder werklike rede laat uitmoor het. Sy loopbaan eindig dus in skande en hierna vertel geskiedskrywers soos Josephus ons niks meer van Pilatus nie.

Ek het gedink om vanuit die lewe en optrede van Pilatus te vra wat ons vandag kan leer daaruit. Maar ek wil by 'n ander groep begin wie se optrede vir ons as kinders van die Here baie te leer het. Dit leer ons eintlik hoe om die Here nie te dien nie. Dit is die Joodse godsdienstige leiers.

### **Wat leer ons van die Joodse godsdienstige leiers?**

#### **Vals godsdien/ Vals godsdienstigheid:**

Wou nie in Pilatus se paleis ingaan nie- sal hulle onrein maak om aan Joodse pasga of paasfees deel te neem, want hy is 'n ongelowige en daarom is hy en sy blyplek volgens hulle oortuiging onrein. Hulle wil dus nie daar ingaan en geestelik onrein wees en nie aan Joodse pasga te kan deelneem nie. Wat gebeur in hulle harte? Matteus 27:1: Hulle het die besluit gemaak om Jesus dood te maak. **Aan die buitekant rein, maar in hulle binneste vol gedagtes van moord.** Hulle het die klere van geestelike leiers aangehad, maar in die binnekant nie so gedink en opgetree nie. Jesus praat juis met die Joodse godsdienstige leiers in Matteus 23 as Hy vir hulle sê: Julle is soos witgeverfde grafte, wat van buite mooi lyk, maar daarbinne vol doodsbene en allerhande onsuiverheid is. So is julle ook: van buite lyk julle vir mense vroom, maar van binne is julle vol huigelary en minagting van die wet. Met ander woorde vol valsheid en liefdeloosheid. Jy kan Sondag mooi aangetrek kerk toe kom, jy kan vir mense

van buite skoon lyk of jou ouers flous dat jy reg lewe en of jy hierdie mooi lewe het en voorgee jy gee vir hulle om of voel saam met hulle, maar in jou hart en gedagtes kan jy op mense neersien of hulle oordeel of hulle as minderwaardig aan jouself beskou. Reinheid word bepaal deur wat in jou hart aan die gang is. Daar waar net jy en God weet wat waarlik aan die gang is. Wat sê Paulus vir die jong Timoteus wat saam met hom werk: Niemand mag op jou neersien omdat jy jonk is nie, maar wees jy vir die gelowiges 'n voorbeeld in geloof, liefde en reinheid. Hierdie reinheid is nie jy moet saans stort of bad nie, dis reinheid van jou hart en gedagtes.

Die Joodse geestelike leiers beskuldig Jesus van godslastering: Ons het 'n wet en volgens die wet moet Hy dood omdat Hy Hom as die Seun van God voorgedoen het. Die seun van enige mens is ook 'n mens. Maar die Seun van God is God. Maar luister nou mooi. As Pilatus die Joodse geestelike leiers vra: Moet ek julle Koning kruisig, antwoord hulle hom: Ons het nie 'n Koning nie, ons het net die keiser. Die Romeine het die keiser in Rome as god aanbid. Die Jode is dus hier godslasterlik. Dit waarvan hulle Jesus beskuldig. Hulle oortree hulle eie wet wat leer: Ek is die Here jou God. Jy mag naas my geen ander gode hê nie. Hulle gaan haal hulself uit onder die gesag van God hulle eintlike koning en gaan stel hulle onder die keiser as hulle koning en hulle god. Wat was die gevolge? in 70 na Christus stuur die keiser van Rome onder wie hulle hulle gestel het, troepe na Jerusalem wat die hele stad vernietig en 1.5 miljoen Jode doodmaak. Hulle het dit self veroorsaak: Kruisig maar vir Jesus, laat Sy dood op ons en ons kinders afkom. Die Here laat hulle net oor aan wat hulle oor hulself gebring het. Is dit nie maar waar van ons ook nie? **Die Jode beskuldig Jesus van godslastering, maar is self daaraan skuldig. Ons beskuldig ander mense van goed, maar ek is self daaraan skuldig.** Ek beskuldig mense dat hulle oor my skinder, maar ek skinder agterlangs net so lekker oor ander. Ek beskuldig my kinders dat hulle vir niks dankbaar is nie. Lyk my lewe soos iemand wat dankbaar is? Lyk dit vir my kinders of ek dankbaar is vir die Here se genade en die voorreg om hulle pa of ma te kan wees? Ons veroordeel swart mense wat ons haat, maar wat praat ons oor swart mense in ons huise? Joshua Motemere: The things you say to black or white people to their face must be the same things you say behind their backs. Moenie oneerlik en vals wees nie. Wees oral dieselfde.

#### **Jy kan ander mense afpers of manipuleer om jou eie doelwitte te bereik:**

As is die Joodse godsdienstige leiers godsdienstige mense, gebruik hulle dreigemente en afpersing om hul doel met Jesus te bereik: Johannes 19:12: As jy hom loslaat, is u nie 'n vriend van die keiser nie. Elkeen wat homself as koning voordoen, is in verzet teen die keiser. Hulle ken Pilatus se geskiedenis. Hy is op baie dun ys by die keiser in Rome. Hy het al ten minste **drie sleg foute** gemaak in die tyd wat hy goewerneur is:

1. Standards- **baniere**- borsbeeld van keiser op. Eerste besoek Jerusalem. Jode neem aanstoot- geen beelde van god of gode nie. Volg na Cesarea. 5 dae. Nekke ontbloot.
2. **Akwaduk- waterleiding** om meer water aan Jerusalem te gee. Nie geld in Rome daarvoor. Gaan breek by skatkis in Joodse tempel in waar miljoene is en gebruik dit vir waterleiding. Jode weer in opstand. Kom by keiser uit.
3. **Seremonieele skilde** met afbeelding van keiser- Jode kla by keiser self en keiser beveel hy moet dit verwyder.

Hulle gebruik Pilatus se foute van die verlede om hom af pers om te doen wat hulle verlang. Hierna gee Pilatus Jesus oor om gekruisig te word. Is ons ook soms hieraan skuldig? Gebruik ons ook mense se foute van die verlede om hulle te dreig en te manipuleer om te doen wat ons verlang? Selfs ons huweliksmaats, ons kinders of ons ouers se foute? Ek dreig my pa of ma af om vir my dinge te doen of te koop want hulle was heel week weg van die huis af vir werk. Ek dwing maats om aan my kant te wees, want ek het geheime oor hulle wat hulle in die moeilikheid kan laat beland. Ons hou maar soms van hierdie houvas wat ons op mense het, want dan skuld hulle ons iets.

### **Wat leer ons by Pilatus?**

#### **Pilatus verstaan nie werklik God se mag nie. Hy ken net menslike mag en outoriteit:**

Pilatus sien homself as die een met mag in Johannes 19: Hy kan Jesus los laat of hom laat kruisig. Jesus antwoord: U sou geen gesag (mag) oor My gehad het as dit nie van Bo aan U gegee was nie. Die ware mag is nie jy nie Pilatus, die ware gesag en outoriteit is by God. Jy is 'n aardse regter, maar voor jou staan die hemelse regter wat oor alle mense eendag gaan oordeel.

Hierdie gedagte onstel my. Dit beteken ons regering is deur die Here daar gestel en daarom moet ons dit respekteer. Dit beteken nie ons hoef van die regering te hou nie, maar ons moet dit respekteer. Die gedagte troos my. Dit laat my onthou mense wat so magtig op TV en in die koerante lyk, se mag is beperk, die mag om hulle op te hef, maar ook te laat aftuimel van hulle trone, kom van die Here af. Die Here is in beheer, ook in hierdie verkiesingstyd wat so chaos lyk. Pasop dat ons al is ons kinders van die Here nie maar net sal vaskyk in menslike gesag en mag en outoriteit nie en daarom moed en hoop verloor in hierdie land nie. Mense is nie in beheer nie, God is.

#### **Pilatus se lewe en keuses word bepaal deur ander mense, nie deur beginsels of waardes nie:**

Alles wat ons gelees het in Mattheus 27 en in Johannes dui daarop dat Jesus onskuldig is. In Mattheus 27 hoor ons selfs Judas se verwyf: Ek het gesondig. Ek het 'n onskuldige man doodgemaak. Mattheus

27 stel vir Jesus wat Christus genoem word die onskuldige een teenoor Jesus Barrabas wat 'n berugte gevangene was- dus hierdie gewoontemisdadiger, gewelddadige man wat vir niemand ander se lewe omgee het nie. Een wat duidelik oor en oor as skuldig voor God en die wet en die reg bewys is. Ons lees ook konstant dat Pilatus self Jesus se onskuld verklaar: Ek vind geen skuld in hierdie man nie. Hy probeer alles om die onskuldige te laat loskom. Sy vrou se droom oor Jesus se onskuld bevestig dit net. Hy weet voor sy siel Jesus is onskuldig. Daar staan in Mattheus 27 hy het geweet dat die priesterhoofde hom uit afguns uigelewer het- hulle was jaloers oor sy invloed op die volk. Hy wil nie die skuld van die dood van hierdie onskuldige man op hom dra nie, daarom was hy sy hande in onskuld en verklaar dat sy dood die Jode se verantwoordelikheid is. Hy verklaar ook dat hy as Romeinse goewerneur die mag het om Jesus vry te laat of te laat kruisig. Maar hy laat hom nie vry nie.

Pilatus word deur mense tot sy besluit gedruk. Eerstens druk die Jode hom, want hulle weet van die foute wat hy gemaak het en dat hy op dun ys by die keiser was. Daarom kan hulle druk op hom uitoefen en hom afpers- ons gaan dalk weer keiser toe moet gaan met jou want jy het hierdie ou vry gelaat wat homself as God en koning verklaar het.

Die tweede druk wat mense op hom uitoefen is die keiser. Hy sal alles doen om die keiser tevrede te stel- daarom was hy twee keer in die moeilikheid oor hy juis die keiser wou verheerlik op die baniere en die skilde. Om weer by die keiser verkla te word sou die einde van sy loopbaan, dalk selfs sy lewe kon beteken. Daarvoor sien hy nie kans nie. Hy skuif die verantwoordelikheid wat Hy oor Jesus gehad het oor na die Jode toe, want hy sien die kans vir die skade wat die harde keuse wat hy eintlik moes maak aan sy klaar brose verhouding met die Jode sou doen nie en vir die skade wat dit aan sy loopbaan sou doen nie,

### **Slot: Wie of wat bepaal jou keuses en optrede?**

As ander mense en die druk wat hulle op jou uitoefen of dat jy hulle wil beïndruk soos Pilatus met die keiser wou doen, jou keuses bepaal, is jy diep in die moeilikheid. Dit sluit sosiale media in- dis soos hierdie massamense wat ons vertel hoe ons moet dink, wat ons moet aantrek en waarsonder ons nie kan lewe nie. Ons moet ons keuses laat bepaal deur ons waardes, deur dit wat ons hier binne glo en weet wat reg is en nie deur druk van buite nie. Is dit nie amper die hoofdoel van ouerskap nie- leer jou kinders goeie waardes sodat hulle nie besluite neem volgens druk en invloed wat ander op hulle uitoefen nie, maar volgens hulle waardes hier binne.

Hoeveel van ons het nie al slegte en verkeerde keuses gemaak omdat ons onder die druk van vriende was nie? Of omdat ons iemand wou beïndruk nie? Ons moet dalk nie te vinnig wees om Pilatus te veroordeel nie. Daar is soms iets van hom in ons. Dat ons onder die druk van mense besluite neem en

keuses maak wat ons weet nie reg is nie. Hoeveel goed koop jy nie omdat ander kinders of ander mense dit het en nou glo jy jy moet dit ook hê nie? Sosiale media vermeerder die druk van mense op ons, want ons sien wat hulle doen, hoe opwindend hulle lewens lyk en ons vergelyk ons het hulle en lyk of ons sleg tweede kom. Nou moet ek weer iets doen of koop wat my ook bietjie laat uitstaan.

Dis die siekte van ons tyd. Ons lewens en ons keuses word meestal bepaal deur wat ander mense van ons dink en sê en of ons indruk op hulle maak.

Ek het laas week hierdie teks gelees in Handeling 4: Die dissipels van Jesus word verhoor deur die Joodse godsdienstige leiers- net soos hulle voorheen vir Jesus verhoor het. Hulle word gedreig om niks verder te praat of te verkondig van Jesus of iets in Sy Naam te doen nie. Petrus en Johannes antwoord namens die dissipels: Julle moet maar self besluit wat voor God reg is: om aan julle gehoorsaam te wees of aan God. Wat ons betref, dis ontmoontlik om nie te praat oor wat ons gesien en gehoor het nie. Ons gaan nie gelei word deur die druk van buite nie, maar deur die druk van binne, waar ons geloof in die Here lewe en borrel.

Ons kan so maklik gedryf word deur ons vrese en onsekerhede (insecurities) of dat ons ongewild gaan wees wat ons soos Pilatus verkeerde besluite kan laat maak. So skryf Bible history Online oor Pilatus:

**Though a powerful man in a position of great authority, Pilate has the same fears that all humans have, fear for his life, fear of shame and humiliation, and his test is going to force him to choose between his allegiance to the truth, or his allegiance to his fears.**

Ons skryf elke dag toets. Die toets van die lewe. Gaan ander mense en hulle druk op my my keuses bepaal? Gaan my vrese en onsekerhede my keuses bepaal? Gaan die Gees en die handboek van God se Woord my keuses bepaal? Gaan regte keuses wen in my lewe of gewilde keuses? Jou keuses is bitter belangrik. Dit vertel meer as enigiets anders wie jy is en Wie op die troon van jou lewe is.

**Amen**